NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

❖ **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
❖ **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

11 Maart 2022: Nr 09/2022

Warmnuus

❖ CMR-Noord 85

Die CMR het op 9 Maart hulle vyf-en-tagtigste verjaarsdag gevier. By die geleentheid het hulle ook Wêreld Maatskaplike Werk Dag (15 Maart) gevier.

Hulle het verder ook afskeid geneem van die Direkteur, **Maryke Venter**, wat aan die einde van Maart na ‘n termyn van agt jaar, uittree.

Sinodenuus

bestMed

Daar was in die afgelope tyd gesprekke met Bestmed oor dienslewering. Die gevolg daarvan is dat lede van Bestmed van 1 Maart af addisioneel tot die direkte toegang tot Bestmed om oor mediese sake navraag te doen of te onderhandel, ook toegang het tot ’n tussenganger, Alexander Forbes. Daar sal geen ekstra koste vir lede wees indien hulle van hierdie diens gebruik sou maak nie. Volledige inligting sal binnekort deur Alexander Forbes aan lede deurgegee word.

❖ Tekslees met ‘n verskil

Datum: *15 Maart*
Skriflesing: **Lk 13:1-9**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185).
Zoom Meeting: Kliek hier; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**:453371.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ In die Hospitaal

Peet Venter [Pietpotgietersrus] is geopereer**.**

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone:

14/03 Piet van Vuuren [Emeritus]
15/03 Rian Steyn [SA Gemeente]
16/03 Flip du Toit [Emeritus]
George Beetge [Emeritus]
17/03 Daniël de Vos [Sesmylspruit]

Pieter Berrangé [Monumentpark-Wes]
19/03 Jan van den Berg [Emeritus]

14/03 Annelie Schmidt [Eggenote van Ewald Schmidt, Nylstroom-Oos]
15/03 Remedy Zulu [Eggenote van Moses Zulu, DRC Zambia (Lusaka)]
16/03 Johanette Pretorius [Eggenote van Louis Pretorius, Naboomspruit]
17/03 Sumari Street [Eggenote van Stanwin Street, Riviera-Jakaranda]
19/03 Dot Olivier [Eggenote van Johan Olivier, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Eeufees: Warmbad

Warmbad is op *22 Maart* 100 jaar oud. Daar word op *27 Maart* 'n feesdiens gehou waarheen al die oud-leraars genooi word. Paul Grobler (Direkteur van die Noordelike Sinode) lei die erediens en Otto Clasen [huidige leraar] bedien die nagmaal. Daarna word daar heerlik saam gekuier. Oud-lidmate is baie welkom!

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling - Kursusse/werkswinkels

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Die jaar van God se genade - 'n Tweede van vanjaar se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar: **"Paastyd"** [**Kliek hier** vir die volledige inligting.]
Datum: *15 & 16 Maart*
Aanbieder: André Bartlett
Sluitingsdatum: 11 Maart 2022;
Inskrywing: https://forms.gle/F7KVq4mBGaDCaqya6

Dink nuut oor jou bediening: "Hoe lyk geloofsvorming in ons gemeentes?".

Hierdie kursus is veral gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening.
[**Kliek hier** vir die volledige inligting]
Datum: *5-7 April.* **Sluitingsdatum:** *1 April*
VBO: 30 punte
Inskrywing: https://forms.gle/nLPV7uZ2zabpcdtK6

Diensplig: die bagasie van 'n generasie (VBO): Nou is die tyd om die trauma wat oor dekades strek te hanteer.

Sinode Oos-Kaapland nooi jou uit om 'n aanlyn-gesprek op Zoom oor hierdie saak te volg. [5 VBO-punte]
Datum: *24 Maart* - 15:00 tot 18:00
Plek: Aanlyn op Zoom. Die skakel word kort vooraf versend na almal wat inskryf.
Registrasie by hierdie skakel: https://forms.gle/SnG8a1akdAmqBgVh6
Sprekers: *Prof Robert Meagher* is genooi om 'n aanlyn-gesprek op Zoom oor hierdie saak te lei. Twee Suid-Afrikaanse respondente wat Meagher se insigte in die SA-konteks laat tuiskom, naamlik dr Willem Boshoff en me Anelia Heese is ook deel van die paneel. [**Kliek hier** vir die volledige inligting]

❖ Hugenote Kollege

Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie

Hier is 'n wonderlike geleentheid wat benut kan word [via Zoomsessies en selfstudie]. Dit is gratis en 'n belegging in vaardighede en kennis wat die kerk tot groot voordeel kan wees.
Inligting: **Kliek hier**. **Registrasie**: **Kliek hier**

❖ Op pad na Newelland

'n Pastorale reis met die Demensie (ook Alzheimer) geaffekteerde lidmaat en Huweliksmaatversorger
Aanbieder: (dr) Petrus Moolman
Datum: *14 Maart* [09:00-13:00]
[**Kliek hier** vir die volledige inligting]

❖ Traumatic Incident Reduction Workshops

Jan Viljoen skryf: “With this accredited workshop the successful learner receives an international certificate and the opportunity to join the international TIR Association (certain benefits).

- 21 CPD & 30 VBO points are awarded to Social Workers and NGK Pastors. 10 CPD points for CPSC.

Manuals are included in Fees. Workshop presented online on Zoom.
Dates 2022: *1-4 February / 28-31 March / 6-9 June and 1-4 Aug*
Werkswinkels word tweetalig aangebied afhangende van die deelnemers. [**Kliek hier** vir die volledige inligting].

Ander nuus

❖ Nehemiah Bible Institute in Zimbabwe [NBI]

Alwyn Francis, ouderling van Harare, het die volgende inligting deurgegee:

NBI is ’n afdeling van *Christian Audio Visual Action* [CAVA], wat gedurende 1978 in Rhodesië deur NG en Presbyteriaanse sendelinge gestig is. Dit is ’n nie-winsgewende kollege wat afstandsonderrig bied aan manne en vroue wat ‘n roeping het om die Evangelie te verkondig en om hulle gemeentes te dien en te bestuur. Dit is deur die Universiteit van Pretoria gewaarmerk. CAVA/NBI stuur elke kwartaal 'n nuusbrief per e-pos aan ‘n aantal NG lidkerke in Suid Afrika en Namibië. **Kliek hier** om die Desember-nuusbrief te lees.

Belangstellendes kan NBI ondersteun met borgskappe vir studente – veral manne en vroue wat hulle vonnisse in Zimbabwe se tronke uitdien – of hulle kan op langtermyn as vennote by ons aansluit. Meer besonderhede is beskikbaar op ons webwerf, https://cavanbi.org.

❖ Vakatures

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Brits: **Vastetermynpos vir leraar op 3 jaar kontrakbasis**

Kliek hier vir die volledige advertensie.
Navrae: Kobus Mouton by 0828076071. Aansoeke moet nie later nie as *31 Maart* ingedien word.

Krokodilrivier: Voltydse **Leraar vir ‘n onbepaalde termyn**

Kliek hier vir die volledige besonderhede.
Aansoeke sluit om 13h00 op *11 April 2022*.

❖ Hulp vir Lydenstyd

Gerhard Bothma het ‘n hulpmiddel vir predikante beskikbaar. Dit dek die hele periode tot Psalmsondag, asook Groot/Heilige Week. Kontak hom by 082 412 3479 vir ‘n pdf-kopie [R120 of ‘n donasie].

Naskrif